

Lekkerbekkie Nuusbrief

3 JUNIE 2014 | UITGAWE 60



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: 'n Reusagtige reus
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

'n Reusagtige reus deur Anna Emm

Daar is 'n reusagtige reus in die bos. Sy voetstappe dreun DOEF-DOEF soos hy aangestap kom. Die blare aan die bome ritsel soos hy stap. Al die diertjies kruip in hulle gaatjies weg. Almal is bang vir die reusagtige reus. Netnou trap hy hulle met sy groot voete plat!

Maar Kierts die eekhorinkie is niks bang nie. Hy is klein, maar hy is slim! Hy het lankal aan 'n plan gedink. Toe al die ander diertjies gaan wegkruip, wip Kierts van tak tot tak om die reus te gaan soek.

Hy kry die reus onder 'n groot boom waar hy aan sy boud staan en krap. "Haai, jou ou reusagtige reus!" roep Kierts uit die boom. "Wat maak jy in ons bos?"

"Ek soek kos natuurlik!" bulder die reus. "Ek is honger. As jy nie oppas nie, vreet ek sommer vir jǒu op! Jy is 'n klein happie, maar jy sal lekker smaak."

"Uitstekende idee!" roep Kierts die eekhorinkie. "Dis juis hoekom ek hier is. Ek het jou jammer gekry oor jy so honger is. Jy is BAIE welkom om my te eet. Onthou net, eekhorinkie-vleis is baie sag. As jy nie eers 'n paar takke en blare in jou mond sit nie, gaan jy my nie gekou kry nie."

Die reus is nou baie opgewonde. Dit klink vir hom na 'n goeie plan. Hy laat vir Kierts die eekhorinkie toe om 'n klomp takke in sy groot mond te pak. Maar hy sien nie dat die slim eekhorinkie 'n paar doringtakkes ook pluk nie. En die blare wat hy in die reus se mond pak is baie bitter...

"Jy kan my nou amper eet, ou reus!" roep Kierts die eekhorinkie. "Maar onthou dat eekhorinkies se vleis baie sout is. Daarom moet jy dit saam met 'n slukkie water uit die stroompie sluk."

Nou staan die reusagtige reus met sy mond oop, en hy laat vir Kierts die eekhorinkie toe om bakke vol water uit die stroompie te skep, en in sy mond te gooi. Maar die slim eekhorinkie kyk mooi dat hy van die slymerige waterplante ook skep, en dit saam met die water in die reus se groot mond gooi.

"Nou is jy reg om my te eet!" roep Kierts die eekhorinkie vir die reus. "Maak jou oë toe, hou jou mond groot oop, en dan spring ek in!"

Die reus maak soos Kierts sê. Maar die eekhorinkie spring nie in die reus se mond nie! Hy gooi 'n groot klip daar in! Die reus is te dom om dit agter te kom. Hy kou en hy kou aan die mond vol kos. Die takke en dorings steek sy mond, en die bitter blare smaak baie sleg! Die slymerige waterplante is grillerig, en die groot klip is te hard om te kou. Die reus gee een groot sluk en maak dan sy oë oop.

"So 'n eekhorinkie is regtig nie lekker nie!" brom hy. Hy is nie meer honger nie, maar sy maag is swaar, en sy mond is bitter. Brommend stap hy weg. Dis die laaste keer dat hy in hierdie bos kom kos soek!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

'n Reusagtige reus illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za